# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

**35% WATERBEPERKINGS \ 35% WATER RESTRICTIONS \ 35% UKUTSHATHWA KWAMANZI**



***Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.***
***Use water sparingly. Every drop counts.***
***Ukusetyenziswa kwamanzi ngokukhawuleza, Wonke amanqaku okulahla.***

---

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 13 DESEMBER 2018 OM 11:15 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee *(sluit aan om 11:50)* |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. JWA Kotzee | : | Munisipale Bestuurder – waarnemend |
| Mnr. R Kearns | : | Direkteur Tegniese Dienste – waarnemend |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. N Bothma | : | Direkteur Finansiële Dienste – waarnemend |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. SM Lesch | : | Hoof: Informasie Kommunikasie en Tegnologie |
| Mnr. K Abrahams | : | Stadsbeplanner: Oos |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat en Rekordbestuur |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitees |
| Me. V Julies | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**BKN001/12/2018**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Hoof: Sekretariaat en Rekordbestuur open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal by die vergadering verwelkom.

***

**BKN002/12/2018**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Munisipale Bestuurder – siekverlof
Direkteur Tegniese Dienste – ander munisipale verpligtinge

***

**BKN003/12/2018**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN004/12/2018**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DINSDAG 27 NOVEMBER 2018**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die vergadering gehou op Dinsdag 27 November 2018 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEES (S WILLEMSE)***

***

**BKN005/12/2018**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN006/12/2018**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Voorsitter doen die volgende mededelings:

- Hy bedank almal van die voorbereidings vir die personeel se prysuitdelingsfunksie en informele jaareindfunksie;
- Hy spreek sy dankbaarheid uit vir die goeie samewerking wat tussen die Raad en Administrasie gedurende die jaar geheers het; en
- Hy wens almal 'n geseënde Kersgety en voorspoedige 2019 toe.

Die waarnemende Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Hy bevestig dat die nuwe Direkteur Finansiële Dienste die pos aanvaar het en op Woensdag 02 Januarie 2019 diens aanvaar; en
- Hy bedank die Raad vir die borg van die onderskeie jaareindfunksies.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN007/12/2018**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: SERTIFIKATE: PHELOPHEPA GESONDHEIDSTREIN**
**3/3/1/5**

Die Uitvoerende Burgemeester gee agtergrond met betrekking tot die item, waarna hy die geleentheid bied aan die Speaker, Raadsdame Crafford, Raadslid Daniels en Raadslid Wessels om die sertifikate aan die betrokke persone te oorhandig.

Groepfoto's word geneem van die groep met die betrokke Raadslede.

Die Uitvoerende Burgemeester wens die groep namens die Raad geluk vir hul toegewydheid.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN008/12/2018**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN009/12/2018**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER: VERLENGING VAN HUIDIGE SPOEDMETINGSKONTRAK**
**17/10/1**
***('n Verslag word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Direkteur Gemeenskapsdienste lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie insette/kommentaar word gelewer deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

Ten slotte meld die Direkteur Gemeenskapsdienste dat hy 'n volledige verslag sal voorlê by die volgende Gemeenskapsdienste Komitee vergadering rakende die volgende:

- 'n Volledige lys van boetes wat ingevorder is;
- Boetes wat nog uitstaande is; en
- 'n Volledige lys van boetes ouer as 18 maande.

**BESLUIT**

Dat die kontrak van Belstow Traffic Solutions vir 'n verdere ses maande tot 30 Junie 2019 verleng word ten einde die hofrolle wat tans geprosesseer is te finaliseer en om soveel as moontlik van die uitstaande boetes in te vorder.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***

**BKN010/12/2018**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER: CITIZEN ENGAGEMENT APPLICATION**
**6/2/2/2**
***('n Verslag word ter tafel gelê – Bylae B)***

Die Hoof: Informasie Kommunikasie en Tegnologie lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie insette/kommentaar word gelewer deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

**BESLUIT**

Dat Bergrivier Munisipaliteit deel uitmaak van die "Citizen Engagement Application".

***HOOF: IKT***

***

**BKN011/12/2018**
**DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER: BERGRIVIER MUNICIPALITY PROTECTION SERVICES OPERATIONAL PLAN 09 NOVEMBER 2018 - 16 JANUARY 2019**
**9/1/2**

Die Direkteur Gemeenskapsdienste lei die item in en gee bondige agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Die Speaker versoek dat die Raadslede voorsien word van noodnommers van personeellede wat op bystand is om kommunikasie te vergemaklik.

Die Direkteur Gemeenskapsdienste bevestig dat 'n volledige lys van noodnommers gesirkuleer sal word van amptenare op bystand vir Brandweer, Verkeer en Wetstoepassing.

Ten slotte meld die Direkteur Gemeenskapsdienste dat hy 'n vergadering met die Stasiekommisarisse in Bergrivier Munisipale gebied gereël het.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN012/12/2018**
**MONITERING VAN WATERKRISIS**
**16/1/1**

Geen

***

**BKN013/12/2018**
**<u>VERSOEK VIR VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM ONGEREGISTREERDE ERF 2858 PORTERVILLE ('N GEDEELTE VAN GEREGISTREERDE ERF 1735 PORTERVILLE (PTV. 1735)</u>**
**7/2/3/1**

Die Voorsitter lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item.

**<u>AANBEVELINGS: VIR BESLUITNEMING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat die eiendom nie benodig word vir munisipale dienslewering nie;
2. Dat ongeregistreerde Erf 2858 Porterville ±688m² groot ('n Gedeelte van geregistreerde Erf 1735 Porterville) per tender vervreem word teen 'n inset prys van R 72 308.80;
3. Dat die tender geadverteer word vir 30 dae;
4. Dat die suksesvolle tenderaar verantwoordelik sal wees vir aansluitings tot munisipale ingenieursdienste tot bevrediging van hierdie munisipaliteit se Direktoraat Tegniese Dienste;
5. Dat Bergrivier Munisipaliteit verantwoordelik sal wees vir die uitwys van erfpenne en dat die koste van die uitwys van die erfpenne deel vorm van die insetprys; en
6. Dat die Begrotingsloodskomitee besluit waarvoor fondse verkry uit die vervreemding aangewend moet word volgens die prioriteit en behoeftes van die munisipaliteit.

***

**BKN014/12/2018**
**<u>VERSOEK VIR VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM ONGEREGISTREERDE ERF 2224 PORTERVILLE (PTV. 2224)</u>**
**7/2/3/1**

Die Voorsitter lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item.

Die Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur stel voor dat Administrasie die aansoeker in kennis stel dat Bergrivier Munisipaliteit nog nie gereed is om die besluit te neem nie.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die item terugverwys word vir verdere ondersoeke deur die Stadsbeplanner: Oos en Tegniese Dienste.

***BESTUURDER: BEPLANNING & OMGEWINGS-BESTUUR***

***

**BKN015/12/2018**
**<u>VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM: 'N GEDEELTE VAN WABOOMSTRAAT RESTANT ERF 950 PIKETBERG (PB. 950)</u>**
**7/2/3/1**

Raadslid Daniels lei die item in, waarna hy die aanbeveling aan die Komitee voorlees.

Verdere insette/kommentaar word gelewer deur die Uitvoerende Burgemeester.

**AANBEVELINGS: VIR BESLUITNEMING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die terughawe/vervreemding van 'n Gedeelte van Waboomstraat **nie toegestaan word nie** omrede die gedeelte straat steeds benodig word deur hierdie munisipaliteit ten einde 'n draaisirkel te bou vir effektiewe dienslewering;

2. Dat die gedeelte van Waboomstraat (publieke plek) gevestig is in die eienaarskap van Bergrivier Munisipaliteit, soos bepaal in wetgewing (Spatial Planning & Land Use Management Act, 2013; Western Cape Land Use Management Act, 2014, Bergrivier Municipality By-law on Municipal Land Use Planning en Bergrivier Munisipaliteit Geïntegreerde Soneringskema Verordening.); en

3. Dat die aangeleentheid as afgehandel beskou word en eers heroorweeg kan word, na die ontwikkeling van die verlengde Waboomstraat.

***

**BKN016/12/2018**
**BEACH TENNIS EVENT FOR DWARSKERSBOS**
**17/12/7**

Councillor Daniels gave a brief summary of the item under discussion.

Various comments/inputs were made by the Committee.

**RECOMMENDATIONS: TO BE RESOLVED BY COUNCIL**

1. That permission be given to Westman Tennis School to present and conduct a Beach tennis event on Dwarskersbos beach scheduled for the 19th December 2018;

2. That no trespassing of sensitive Coastal environment may take place during this activity, no vehicles will be allowed to drive onto the beach, no littering may take place, and all equipment must be removed after the event has been conducted; and

3. That all other Directorates are accordingly made aware of the event.

***

**BKN017/12/2018**
**SELECTION AS TRUSTEE FOR BERGRIVIER MUNICIPALITY**
**17/12/7**

Councillor Daniels gave a brief summary of the item under discussion.

**RECOMMENDATION: TO BE RESOLVED BY COUNCIL**

That Council support the Environmental Planning Management Officer representation as trustee for Bergrivier Municipality at the St. Helena Bay Water Quality Trust, as suggested by the Trust.

***

**BKN018/12/2018**
**APPROVAL OF THE DRAFT BY LAW RELATING TO THE MANAGEMENT AND USE OF THE BERG RIVER ESTUARY AND TO ISSUE THE FINAL**
**17/12/8**

**BESLUIT**

Dat die item onttrek word.

***

**BKN019/12/2018**
**DELEGASIE VAN BEVOEGDHEDE**
**2/3**

Raadslid Daniels lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Aanvullende insette/kommentaar word gelewer deur die Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur.

Die Uitvoerende Burgemeester stel voor dat 'n werkswinkel gereël word met die Polisie en Drankoffisiere in elke dorp in Bergrivier Munisipaliteit met betrekking tot die Drankverordening.

**AANBEVELINGS: VIR BESLUITNEMING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die aangehegte gewysigde delegasies goedgekeur word; en
2. Dat die gewysigde delegasies skriftelik aan die betrokke personeel versprei word.

***

**BKN020/12/2018**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: OCTOBER 2018**
**5/1/B, 5/1/1**

**RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council notes the monthly budget statement and supporting documentation for October 2018.

***

**BKN021/12/2018**
**WATER SITUASIE**
**9/1/2**

Die waarnemende Direkteur Tegniese Dienste lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item. Hy meld dat die waterbeperkings vanaf vlak 4 na vlak 3 stelselmatig verlaag is en gemoniteer sal word.

Die waarnemende Munisipale Bestuurder lewer verdere insette en meld dat alle dorpe in die Weskusstreek veronderstel is om dieselfde waterbeperkings toe te pas.

Verskeie insette/kommentaar word gelewer deur die Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat vlak 3 waterbeperkings (25% besparing) ingestel word vanaf 13 Desember 2018 met die volgende voorwaardes en vereistes:

   a) Perk vir persoonlike watergebruik styg van 100 na 105 liter per persoon per dag;

   b) Opheffing van persentasie verminderings beperkings vir kommersiële, industriële en nie-residensiële watergebruikers. Alle kliënte moet die Waterverordening te alle tye nakom en word sterk aangemoedig om water verantwoordelik te gebruik;

   c) Munisipale water mag voor 09:00 of na 18:00 vir natlei gebruik word;

   d) Swembaddens mag met munisipale drinkwater volgemaak word, mits terugloopwater (“backwash water”) herwin word en reënwater gebruik word om die swembad vol te maak waar dit prakties moontlik is;

   e) Voertuie, sleepwaens, woonwaens en bote mag slegs met drinkwater gewas word as ’n emmer gebruik word. Was met nie- drinkwater of skoonmaak met waterlose produkte of droogskoonmaak prosesse word sterk aangemoedig;

   f) Kommersiële motorwasserye mag munisipale drinkwater gebruik indien die industrie se bestepraktyknorme vir waterbewaring nagekom word en minstens 50% van die water wat gebruik word, herwin word;

   g) Sproei parke word toegelaat, mits dit streng bestuur word om watergebruik so laag as moontlik te hou;

   h) Water- en sanitasie tariewe word na dié op vlak 3 verlaag; en

2. Dat die Hoof: Kommunikasie `n lysie/kennisgewing van die moets/moenie ontwerp word vir verspreiding in die munisipale gebied.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***HOOF: KOMMUNIKASIE***

***

**BKN022/12/2018**
**SOMER GEBEURLIKHEIDSPLAN 2018/19**
**9/1/2**

Raadslid du Plooy lei die item in gee agtergrond met betrekking tot die item.

Verskeie insette/kommentaar word gelewer deur die Uitvoerende Burgemeester.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgermeesterskomitee kennis neem van die Somer Gebeurlikheidsplan 2018/19; en

2. Dat Pella Park (Porterville) en die Krieket Club (Piketberg) ingesluit word vir vuurwerke areas.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***

**BKN023/12/2018**
**ONTRUIMINGSDIAGRAMME VIR MUNISIPALE GEBOUE**
**9/1/2**

**BESLUIT**

1. Dat die item terugverwys word na die Gemeenskapsdienste Komitee vergadering; en
2. Dat alle areas van die munisipale geboue geillustreer word op die kaarte.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***

**BKN024/12/2018**
**PMU & BUILDING CONTROL – NOVEMBER 2018**

The acting Director Technical Services gave a brief summary of the item under discussion.

**RESOLUTION**

That the Executive Mayoral Committee and the Technical Services Portfolio Committee acknowledges the progress of MIG, EPWP and Building Control projects and approve the report of the Branch, PMU & Building Control.

***MANAGER: PROJECT MANAGEMENT & BUILDING CONTROL***

***

**BKN025/12/2018**
**VOORSIEN EN LEWERING VAN BESKERMENDE KLERE EN OORPAKKE**
**9/1/2**

Die Uitvoerende Onderburgemeester lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item.

Aanvullende insette/kommentaar word gelewer deur die waarnemende Direkteur Finansiële Dienste.

**BESLUIT**

1. Dat die Raad kennis neem dat die proses soos uiteengesit in Artikel 116(3) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet, Wet 56 van 2003 gevolg gaan word;
2. Dat die Raad kennis neem dat sodanige verlenging slegs vir n addisionele drie (3)maande sal wees; en
3. Dat die pryse van sodanige tender aanbieding ook van krag sal bly vir die ekstra drie maande.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN026/12/2018**
**SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORT: OCTOBER 2018**
**5/1/1**

The Executive Deputy Mayor gave a brief summary of the item under discussion.

**RESOLUTIONS**

1. That the Executive Mayoral Committee consider the report on the implementation of the Supply Chain Management Policy, and
2. That the contents of the report be acceptable, they be made public in accordance with Section 21A of the Municipal Systems Act.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

*******

**BKN027/12/2018**
**TERUGVOERING: SALGA: INTERGOVERNMENTAL RELATIONS**
**9/1/2**

Geen

*******

**BKN028/12/2018**
**NOTULE VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

*******

**BKN029/12/2018**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

*******

**BKN030/12/2018**
**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN031/12/2018**
**IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN032/11/2018**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN033/12/2018**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 13:45*

***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

________________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***